education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NATIONAL SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## VISUELE KUNS

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 100**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**159 1 A**

Kopiereg voorbehou

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede demonstreer:

- Om die korrekte kunsterminologie te gebruik.
- Om visuele ontleding te doen en om krities te dink.
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks.
- Om voorbeelde in 'n sosiale en historiese konteks te plaas.
- Begrip vir onderskeie kunsstyle.
- Om die professionele praktyke van plaaslike kunstenaars te identifiseer.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

2. Vrae en onderafdelings moet duidelik en korrek genommer word.

3. Geen punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek word en herhaal is in ander antwoorde nie. Kruisverwysings na kunswerke sal toegelaat word.

4. Verskaf name en titels van kunswerke waarna verwys word.

5. Skryf duidelik en leesbaar.

6. Skryf duidelik, op 'n kreatiewe wyse en beplan. Skryf in volsinne en paragrawe waar van toepassing.

## WOORDELYS

**Gebruik die volgende woordelys om seker te maak dat jy verstaan hoe om die vrae te benader:**

**Analiseer:** 'n Gedetaileerde en logiese bespreking van die formele elemente (soos lyn, kleur, toonwaarde, formaat, ensovoorts) en komposisie van die werk.

**Vergelyk:** Wys verskille en ooreenkomste opeenvolgend uit binne elke argument.

**Bespreek**: Stel jou standpunt en verskaf redes vir jou stellings.

**Verduidelik**: Verklaar en gee redes vir jou stellings.

**Interpreteer**: Gee 'n ingeligte opinie en staaf dit met voorbeelde.

**Sê**: Sê direk wat jy dink – gee jou opinie en 'n verduideliking.

Kopiereg voorbehou 

Beantwoord enige VYF vrae.

**VRAAG 1**



In hierdie kunswerk skilder Battiss 'n rivier met diere en mense van Afrika wat daar rondom saamkom.

FIGUUR 1: Walter Battiss, *Simbole van die Lewe.* Skildery

1.1 Bestudeer die werk in FIGUUR 1 en bespreek die maniere waarop die kunstenaar gebruik maak van enige DRIE van die formele elemente uit die lys wat volg:

- Lyn
- Toonwaarde
- Tekstuur
- Fatsoen/Vorm
- Voorstelling van ruimte (dit is perspektief, diepte, tweedimensioneel of driedimensioneel) (6)

1.2 Wat is die fokuspunt in hierdie komposisie? (2)

1.3 Na jou mening, wat is die boodskap wat die kunstenaar aan die toeskouer wil oordra? (4)

1.4 Verduidelik die proses wat Batiss toegepas het om die simbole in hierdie kunswerk te skep. (4)

1.5 Maak 'n vinnige tekening waarin jy enige beeld uit die werklikheid kies en dieselfde proses as Batiss toepas om jou eie persoonlike simbool te skep. (4)
**[20]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 2**



FIGUUR 2: Norman Catherine
*Mensvreter en Haaivreter, (detail)*



FIGUUR 3: Azaria Mbatha, *Die Nuus*
Linosnee

2.1 Bestudeer FIGUUR 2 en FIGUUR 3. Gebruik die titel van elke werk as 'n leidraad. Bespreek wat jy dink elke kunstenaar aan die toeskouer probeer kommunikeer. Jou antwoord moet verwys na die visuele taal wat die kunstenaar gebruik het om die boodskap oor te dra. (8)

2.2 Verduidelik hoe die kunstenaars van ruimte in hul werk gebruik gemaak het. (5)

2.3 Verduidelik hoe die kunstenaars van lyn in die agtergrond van hierdie werke gebruik gemaak het. (2)

2.4 Bespreek kortliks hoe jy voel oor die doelbewuste distorsie in hierdie werke. (5)
**[20]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3**



FIGUUR 4: *Straatverkopers in Suid-Afrika*

Skryf 'n artikel aan jou plaaslike koerant waarin jy sterk kritiek lewer op die munisipaliteit se pogings om die kuns en kunsvlyt wat straatverskopers maak of verkoop, te verwyder uit die dorp, stad of omgewing.

In jou artikel, bespreek die volgende aspekte:

- Die belangrike bydrae wat inheemse kunsvlyt maak om ons land te bemark.
- Ten minste TWEE verskillende tipes kunsvlyt wat jy bestudeer het, insluitend die tegniek en die gebruik van materiaal.
- Die manier/waarop kunsvlyt vir die kunsvlytkunstenaar 'n inkomste kan genereer.
- Die waarde van kunsvlyt as 'n loopbaan vir jongmense.

**[20]**

**VRAAG 4**

Die afbeeldings hieronder stel TWEE van Michaelangelo se kunswerke voor.



FIGUUR 5: Michelangelo, *Dawid,* Marmer



FIGUUR 6: Michelangelo, *Pieta,* Marmer

4.1 Beeldhouers gebruik 'n visuele en tasbare taal. Hul werk kan geskep word om 'n stelling te maak of iets te sê. Wat, dink jy, 'sê' Michelangelo in hierdie werke? Verwys na VIER van die volgende riglyne in jou bespreking:

- Medium
- Onderwerp
- Pose/houding
- Uitbeelding van anatomie
- Uitbeelding van gedrapeerde lap
- Tegniek
- Gesigsuitdrukking (8)

4.2 Jy word uitgenooi om DRIE kunswerke van 'n plaaslike kunstenaar aan te koop vir jou skool. Jou kunsonderwyser het gesê dat die kunswerke wat jy kies die verskeidenheid van kulture in jou skool en die land moet weerspieël. Skryf 'n paragraaf waarin jy:

- Die kunstenaars en die titels van hulle kunswerke noem
- Skryf 'n voorstel waarin jy jou keuse van kunstenaars motiveer
- Verduidelik waarom jy dink dat hierdie kunswerke gepas sal wees vir jou skool (12)

**[20]**


**VRAAG 5**



FIGUUR 7: *Venus van Willendorf*



FIGUUR 8: 'n Egiptiese muurskildery wat 'n seremonie uitbeeld



FIGUUR 9: 'n San Rotsskildery

Byna alle vroeë kuns van 'n verskeidenhied kulture is geskep vir rituele of godsdienstige behoeftes en wensvervulling, waarna dikwels verwys word as 'magiese-religieuse' behoeftes.

Stem jy saam met bogenoemde stelling of nie? Verduidelik jou siening deur te verwys na ten minste EEN kultuur wat jy bestudeer het wie se kunsvorms hul behoeftes uitbeeld. Jy kan die voorbeelde gebruik wat verskaf is, of jy kan na voorbeelde van jou eie keuse verwys. Jou antwoord moet die volgende bevat:

- Die naam van die kunstenaar en die titel van die werk waar moontlik
- Invloed en agtergrondbesonderhede
- Die maakproses van die kunsvorm, byvoorbeeld die medium en tegniek
- Die gebruik van figure, simbole, tradisies of gebruike indien van toepassing op jou voorbeeld
- Die rede waarom hierdie kunsvorm geskep is

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 6**



FIGUUR 10: Griekse Tempel, *Parthenon*, 448-432 v.C., Akropolis, Athene



FIGUUR 11: Romeinse Tempel, *Pantheon,* Rome

6.1 Die Parthenon (FIGUUR 10) en die Pantheon (FIGUUR 11) is tempels wat deur twee van die sterkste antieke beskawings in die Westerse kultuur gebou is.

6.1.1 Vergelyk hierdie geboue met 'n plek van aanbidding in jou eie gemeenskap. (7)

6.1.2 As jy 'n argitek was en die geleentheid gehad het om jou eie argitektoniese struktuur te ontwerp, watter tipe argitektoniese struktuur sou jy ontwerp en laat oprig vir jou eie gemeenskap en waarom? (3)


6.1.3 Skryf 'n kort paragraaf waarin jy verduidelik:

- Jou rede vir die terrein (gebied) wat jy gekies het waarop jou gebou opgerig gaan word
- Die tipe ontwerp waarop jy besluit het vir die gebou
- Die tipe konstruksiemetode en boumateriaal wat jy gaan gebruik
- Die doel van die gebou en hoe dit tot voordeel van jou gemeenskap sal wees
- Jy mag van tekeninge met opskrifte gebruik maak om jou ontwerp te verduidelik

(10)
**[20]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 7**



FIGUUR 12: Cecil Skotnes, *Gesprek,* Houtblokdruk



FIGUUR: 13 Alexis Preller, *Mapogga vrou*, Skildery

Lees die volgende en beantwoord dan die vrae:

Alhoewel die vroeë Suid-Afrikaanse kunstenaars deur neigings in Europa en Afrika beïnvloed is, sien ons dat hul werk dikwels 'n unieke en individuele interpretasie van eie of inheemse beelde toon. In die gegraveerde, gekleurde houtpaneel wat bo afgebeeld is in FIGUUR 12, beeld Cecil Skotnes 'n kop uit met lyne wat uit die mond kom wat spraak simboliseer. Die skildery in FIGUUR 13 stel 'n matriarg ('n vroulike hooffiguur) voor van die Ndebele (Mapogga) stam wie se krale rondom Pretoria, waar Preller gewoon het, was.

7.1 Bespreek hoe die skilderye, afgebeeld in FIGUUR 12 en FIGUUR 13, 'n unieke en persoonlike interpretasie van inheemse Afrika-beelde vertoon. (4)

7.2 Bespreek TWEE ander kunswerke wat jy bestudeer het wat jy voel ook 'n Afrika-invloed/identiteit reflekteer. (8)

**[20]**



FIGUUR 14: *Ongetiteld*, Dumile Feni, Tekening.

7.3 Lees die volgende en bestudeer FIGUUR 14:

> Dumile Feni se kuns het hoofsaaklik gehandel oor die mens se omstandighede. Hy skep sy kuns midde-in die daaglikse vrees en swaarkry waaraan ’n minderbevoorregte gemeenskap se bestaan gekenmerk word. Sy persoonlike emosionele uitdrukking kan in die beelde gesien word wat armoede, brutaliteit en vrees weerspieël.

Bespreek die werk(e) van Dumile Feni, en/of enige ander kunstenaar van jou keuse wat soortgelyke boodskappe oordra deur sy/haar kunswerke. (8)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

| KONTROLELYS | JA | NEE |
|---|---|---|
| Het ek relevante inligting gekies en gebruik in my antwoorde? | | |
| Het ek enigiets uitgelaat? | | |
| Het ek my eie mening gegee en redes verskaf vir my opinie? | | |

Kopiereg voorbehou